# OOR AFRIKA PER VLIEGTUIG

## INTERESSANTE PLEKKE ONDERWEG

Voltooien
29 Julie 35

*(Deur J. de V. Roos)*

(Deel II)

Oor Pietersburg vliegende het ons die uitleg van argitek Moerdyk se skoolgebou uit die lug kon bewonder wat, na ek verneem, die laaste woord in moderne skoolgeboue in sub-tropiese geweste is en bes uit die lug kan beoordeel word.

Boelawajo, uit die lug besien, sal by my altyd die herinnering laat van die eerste absoluut vierkantig geboude stad wat ek gesien het, met selfs die wagtende motors ook gerangskik in vierkantige groepe op die pleine en strate.

Die Zambesi is die eerste rivier wat ons uit die lug kon sien. Dit is 'n rivier om van te praat. Die ander riviere op ons pad het gelyk soos wit sandpaaie. Ek het goue verwagtings gekoester van die Limpopo, ons noordelike grensrivier. Die naam klink so na ruisende waterstrome. Vir die sestig myl lengte wat jy uit die lug kon sien, kon jy net 'n lang streep witsand sien met hier en daar enkele waterplasse. Dit was baie teleurstellend.

—:—

Dit word gesê dat om afstande uit die lug te skat, jy net een oog behoort